CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

JUNIE 2022



# DIE MOETS EN DIE MOENIES VAN INFORMELE HANDEL IN KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

# Hallo

Hierdie gids is opgestel vir informele handelaars aan wie permitte uitgereik is om sake te doen in die informele handelsgebiede in Kaapstad.

Die informele handel in Kaapstad val onder die Verordening op Informele Handel, 2009, soos gewysig deur die Wysigingsverordening op Informele Handel, 2013.

## HIERDIE GIDS SAL JOU HELP:

- Om die handelsvoorwaardes (die reëls) te verstaan
- Om te weet wat jy moet doen om die meeste voordeel uit jou handelspermit te trek
- Om te weet watter dinge jy nie moet doen nie, sodat jy nie die reëls oortree nie
- Om te verstaan watter magte die Stad het en wanneer die Stad sy magte kan uitoefen
- Om te verstaan watter regte jy het as die Stad 'n saak teen jou sou maak
- Om uit te vind hoe, en tot watter mate, jy veranderings aan jou permit kan aanbring

# Die moets en die moenies vir informele handelaars

## Jou handelspermit

### MOET

- ✓ Jy mag slegs in 'n informele handelsgebied handel dryf as jy 'n geldige permit het wat deur die Stad Kaapstad uitgereik is.
- ✓ Jy mag slegs op die handelstaanplek handel dryf wat aan jou toegewys is en waar dit in jou permit aangedui word.
- ✓ Jy moet altyd jou permit gedurende handelsure byderhand hou.
- ✓ Jy moet jou permit toon aan ’n Stadsamptenaar en/of enige gemagtigde agent van die Stad Kaapstad wat daarvoor vra.

**Kontak jou gebiedskoördineerder** as jou persoonlike omstandighede verander het, bv. as jy 'n nuwe werk gevind het of 'n nuwe onderneming begin het, sodat die Stad jou handelspermit kan kanselleer.

## MOENIE

- ✗ Jou handelstaanplek aan iemand anders verhuur of verkoop nie.
- ✗ Sonder die toestemming van die Stad jou permit aan iemand anders gee om vanuit jou handelstaanplek handel te dryf nie.
- ✗ Iemand anders toelaat om op jou handelstaanplek te werk wanneer jy siek is of moet weggaan nie, tensy jy hulle as 'n helper op jou permit laat registreer het.

# Handelsure

## MOET

- ✓ Maak seker dat jy die handelsure in jou handelsgebied en soos uiteengesit in jou handelspermit nakom.

# Betaling van jou informele handelspermit

## MOET

- Betaal jou permitgelde een maand vooruit. Jy moet bv. teen die einde van Januarie die betaling vir Februarie doen.
- Stel die Stad skriftelik in kennis as jy nie die permitgelde kan betaal nie. Verskaf asseblief die rede en bewyse daarvoor in jou skrywe.
- Wees bewus van die gevolge as jy nie jou permitgelde betaal nie.

| GEVOLGE WANNEER PERMITGELDE NIE BETAAL WORD NIE | | |
|---|---|---|
| **1 MAAND:** AANMANING WORD GESTUUR | **2 MAANDE:** PERMIT WORD SAGKENS TERUGGETREK | **6 MAANDE:** PERMIT WORD STRENG TERUGGETREK |
| Jy sal per SMS gevra word om jou rekening te betaal. | Jy moet die gebieds-koördineerder kontak om jou permit heringestel te kry. | Jy sal jou permit verbeur en verbied word om op die Stad se handelstaan-plekke handel te dryf. |

# Die mense wat op jou handelstaanplek werk

## MOET

- ✓ Maak seker dat jy, as permithouer, persoonlik op die staanplek werk en dat jy gedurende handelsure daar is.
- ✓ Kontak die gebiedskoördineerder as jy hulp op jou staanplek benodig en 'n helper op jou permit wil laat registreer.

**Kontak jou gebiedskoördineerder** om toestemming te vra dat meer as twee mense tegelykertyd op jou handelstaanplek werk.

## MOENIE

- ✗ Toelaat dat meer as twee mense tegelykertyd op jou handelstaanplek werk nie, tensy jy die Stad se toestemming het.

# Jou handelsruimte en toerusting

## MOET

- ✓ Hou jou handelsruimte netjies.
- ✓ Bewaar jou goedere en toerusting binne jou handelstaanplek.
- ✓ Aan die einde van die handelsdag, slaan jou struktuur af en verwyder dit, asook al jou toerusting en goedere.
- ✓ Verwyder jou struktuur, toerusting en goedere indien 'n Stadsamptenaar dit sou vra sodat die Stad daar kan skoonmaak of werk.

## MOENIE

- ✗ Enige ander strukture oprig as wat die handelsplan toelaat nie.
- ✗ Die pad, sypaadjie, geboue of ander openbare eiendom beskadig wanneer jy jou strukture of toerusting oprig nie.
- ✗ Toue aan enige pale, bome en ander openbare eiendom vasmaak nie.
- ✗ Te veel voorraad aanhou en verkoop nie.

# Jou goedere

## MOET

- ✓ Verkoop net wettige goedere.

## MOENIE

- ✗ Vervalste goedere soos bv. handelsmerkklere en CDs, los sigarette en medisyne verkoop nie.
- ✗ Jou handelstaanplek misbruik en goedere daarvandaan soos 'n verskaffer of groothandelaar versprei nie.
- ✗ Goedere en dienste verkoop wat nie op jou permit toegelaat word nie.
- ✗ Alkohol en dwelmmiddels by jou handelstaanplek verkoop nie.

**Kontak jou gebiedskoördineerder** om die lys goedere wat jy wil verkoop te verander of daartoe by te voeg.

# Hou jou handelsruimte skoon

## MOET

- ✓ Hou jou handelstaanplek en die onmiddellike omgewing skoon terwyl jy sake doen.
- ✓ Maak aan die einde van die dag alle afvalmateriaal en vullis bymekaar en gooi dit in 'n vullisblik wat daarvoor voorsien is.

## MOENIE

- ✗ Jou afvalmateriaal in die openbare ruimte om jou handelstaanplek weggooi nie.

# Hou die publiek veilig

## MOET

- ✓ Doen aansoek vir 'n sakelisensie en 'n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid by die Departement Omgewingsgesondheid as jy kos maak en verkoop.
- ✓ Doen aansoek vir 'n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid indien jy enige voorverpakte voedsel verkoop.
- ✓ Voldoen aan Covid-19-regulasies deur 'n masker oor jou neus en mond te dra, 'n sosiale afstand van 1,5 m van ander mense te bewaar en gereeld jou hande en oppervlakke te ontsmet.

## MOENIE

- ✗ Op oop vure kos maak sonder die Stad Kaapstad se toestemming nie.
- ✗ Jou besigheid op so 'n wyse bedryf dat dit 'n oorlas word, soos deur harde musiek te speel om klante te lok.

# Beveilig jou permit

## MOENIE

- ✕ Enige van die betrokke voorwaardes van jou permit oortree nie.
- ✕ Stadsamptenare of 'n gemagtigde agent dreig, bestry, verhinder of belemmer in die verrigting van hul werk om die Stad se verordeninge toe te pas nie.
- ✕ 'n Stadsamptenaar of sy gemagtigde agent valse inligting gee nie.
- ✕ Op jou handelstaanplek gedurende handelsure op onhebbelike of antisosiale wyse optree nie.
- ✕ Enige van hierdie handelsvoorwaardes oortree nie, anders kan jou goedere geskut word, jy kan jou permit verbeur en jy kan beboet of selfs tronk toe gestuur word.

# Die Stad se magte

**Die Stad kan op die volgende wyse sy magte uitoefen om informele handel te polisieer:**

## Skriftelike aanmanings

As jy die permitvoorwaardes, die Verordening op Informele Handel, of enige ander Stadsverordening oortree, kan 'n wetstoepassingsbeampte of 'n gemagtigde agent van Stad Kaapstad jou 'n skriftelike waarskuwing gee.

## Die skut van goedere

Die Stad werk op 'n driemalige oortredingstelsel. As jy reeds twee waarskuwings gegee is, en jy weer die reëls oortree, sal jou permit gekanselleer word en wetstoepassing kan beslag lê op jou eiendom en dit iewers laat skut.

## Beslaglegging op onwettige goedere

As daar 'n redelike vermoede is dat jy onwettige goedere verkoop of aankoop, kan wetstoepassing onmiddellik op die goedere beslag lê en dit verbeurd verklaar.

# Boetes

**Jy kan met tot R5 000 beboet word of vir tot drie maande tronk toe gaan, indien jy:**

- die permitvoorwaardes of die Verordening op Informele Handel oortree;
- ’n beampte of ’n werknemer van die Stad valse inligting gee;
- ’n beampte of werknemer van die Stad in die uitvoering van hul amptelike pligte kragtens die Verordening op Informele Handel dreig, weerstand bied, belemmer of verhinder.

# Opskortings en verplasings

Wanneer daar ’n optrede in die gebied is of die Stad daar werk moet verrig, kan die Stad met redelike vooruit kennisgewing:

1. jou permit tydelik opskort;
2. jou verplaas; of
3. van jou verwag om op te hou handel dryf.

Onder hierdie omstandighede het die Stad geen verpligting om jou enige vergoeding te gee nie.

# Jou regte

**As die Stad se optrede jou onderneming benadeel, is daar 'n paar dinge wat jy kan doen:**

## Stel jou saak

Reël 'n afspraak met jou gebiedskoördineerder om te verduidelik hoekom die optrede teen jou verkeerd is.

## Teken appèl skriftelik aan

As jy jou saak gestel het en die Stad steeds sy aksie handhaaf, kan jy skriftelik binne 21 dae appèl by die Stadsbestuurder aanteken. Jy kan jou kennisgewing van appèl voorlê via:

**E-pos:** msa.appeals@capetown.gov.za
**Faks:** 021 400 2503 of 021 400 3788

**Skriftelike kennisgewings kan per hand afgelewer of per pos gestuur word aan:**

Die Eenheid vir Wetsnakoming
Kantoor van die Stadsbestuurder
Stad Kaapstad, 20ste verdieping, tweekolomkant
Toringgebou
Kaapstadse Burgersentrum
Hertzog-boulevard 12, Kaapstad

Die Eenheid vir Wetsnakoming
Privaatsak X9181
Kaapstad, 8000

## Sluit aan by 'n informele handelaarsvereniging

Informele handelaarsverenigings verteenwoordig die belange van informele handelaars en kan jou in jou betrekkinge met die Stad bystaan.

## Dien 'n klagte in oor dienslewering

Indien jy ongelukkig is oor dienslewering en 'n klagte wil indien oor 'n beweerde geval van wanbestuur deur die departement, kan jy die kantoor van die Stadsombudsman nader deur hulp aan te vra by **021 400 2196** of **021 400 2165**.

Die kantoor van die Ombudsman sal jou help om jou klag aanlyn in te dien of sal 'n vorm aan jou stuur. Jy kan jou klagvorm per e-pos, faks, of pos voorlê, of dit kan per hand by die Ombudsmankantoor afgelewer word.

# Maak veranderings aan jou permit

## ’n Helper laat registreer

**Kontak jou gebiedskoördineerder** om jou helper te laat registreer.

### Jy moet die volgende dokumente verskaf:

1. ’n Beëdigde verklaring oor die werkloosheidstatus van jou helper;
2. ’n gewaarmerkte afskrif van sy/haar identiteitsdokument; en
3. bewyse van sy/haar adres, bv. ’n munisipale rekening of ’n beëdigde verklaring.

## Verander jou kommoditeite (produkte)

Kontak jou gebiedskoördineerder indien jy jou kommoditeite wil verander. Wanneer jou versoek goedgekeur word, sal die kommoditeite wat op jou permit aangedui word, gewysig word.

# Tydelike oordrag van jou permit

Indien jy om persoonlike redes soos siekte, swangerskap, gesinsverantwoordelikhede of religieuse of kulturele aangeleenthede, nie handel kan dryf nie, kan jy aansoek doen by die Stad om jou permit tydelik vir ’n tydperk van ses maande aan ’n afhanklike oor te dra.

**Kontak jou gebiedskoördineerder** as jy nie in staat is om handel te dryf nie.

### Jy moet die volgende doen:

1. Aandui aan wie die permit oorgedra moet word;
2. ’n mediese sertifikaat voorsien wat die datums aandui waarop jy nie kan werk nie; of
3. ’n gewaarmerkte verklaring voorsien wat die redes verskaf hoekom jy nie vir daardie tydperk handel kan dryf nie, en wat ook die begin- en einddatum aandui wanneer jy nie beskikbaar sal wees nie.

Die gebiedskoördineerder sal jou aansoek oorweeg en jou in kennis stel van die besluit.

# Permanente oordrag van 'n permit

By afsterwe van die permithouer kan die permit vir die duur van die kontrak permanent aan 'n afhanklike van die oorledene of aan 'n helper oorgedra word.

**Kontak jou gebiedskoördineerder** as jy 'n afhanklike of 'n helper van die afgestorwe permithouer is.

**Jy moet die volgende dokumente voorsien:**

1. Die permithouer se doodsertifikaat; en
2. 'n gewaarmerkte verklaring waarin die verwantskap tussen jou en die permithouer bevestig word en dat jy op die inkomste uit die informele handelsbedrywighede staatmaak.

# Kontak ons gebiedskantore

## Sentrale gebied

**Goodwood:**

Goodwood administrasie gebou, hoek van Voortrekker- en De Villiers-weg

021 417 4043

## Oostelike gebied

**Khayelitsha:**

Blok C, Stocks & Stocks

021 400 1345

## Noordelike gebied

**Kaapstad:**

Waalstraat 44

021 400 5379

## Suidelike gebied

**Plumstead:**

Plumstead munisipale kantoor, hoek van Victoria- en Hoofweg

021 400 2808 / 021 444 9501

# Meer inligting

Besoek die Stad se webwerf by www.capetown.gov.za en soek na “informele handel”.

Kontak Gebieds- ekonomieseontwikkeling regstreeks via:

**E-pos 1:** informal.trading@capetown.gov.za



# Notas

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.